U.K. VERGADERING GEHOU TE BLOEMFONTEIN 1 JULIE 1959.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee (Voors); Di. E.P.J. Kleynhans; J.J. Fourie en die wnde. Alg. Sendingsekretaris, Ds. W.R. de Kock.

B U I T E L A N D.

8. OPVOEDINGSFONDS, MNR. COERT KRUGER: Na verdere informasie sal die Voors. verder in verband hiermee handel.

9. MEJ. A. HEYNS, REISKOSTE PER VLIEGTUIG, LUSAKA: Goedgekeur. (Bylae A.)

10. MKHOMA DRUKPERS (£1,000 UIT SEND. PASTORIëFONDS): Die handelwyse van die Saakgelastigde word hiermee goedgekeur.

11. TEOL. SKOOL MADZIMOYO: (SAMESMELTING MET): Vir die huidige word daar nie aan gedink om met die ander Teol. Inrigtings saam te smelt nie. Die U.K. het kennis geneem van 'n gelykbindende besluit van die Sin. Kom. van die Sendingkerk in Rhodesië.

12. LUSAKA SEND. PASTORIE (Bedrag £81): Die handeling van die Saakgelastigde in verband hiermee word goedgekeur en aan die Sekr. opdrag gegee om des ooreenkomstig te skrywe.

13. MNR. PHIL BOTHA: (Brief Dr. Cronje 18 Mei (2): Die aanbeveling in verband hiermee word goedgekeur. (Bylae B.)

14. POMP MASJIEN (Brief Dr. van Rooyen): In verband hiermee moet meer informasie ingewin word.

Ned. Geref. Kerk Argief in die O.V.S.

O.R.K. NOTULE 22 MEI.

15. YSKAS (Nr.4): Die U.K. besluit om £30 by te dra sodat die Rushuis Yskas na Kamoto verplaas kan word en 'n kleiner yskas vir die Rushuis aangeskaf kan word.

16. TREKKERS KATETE(Nr. 16): Kennis word geneem dat trekkers behorende aan Mnr. J.M. Badenhorst nog op Katete is. Hy word versoek om dit dadelik te laat verwyder.

17. POMPGEREEDSKAP (Nr.20): Hierdie saak word op die begroting vir a.s. jaar geplaas en dan daaroor besluit.

18. OORTROKKE BANKREKENINGE (Nr.22): Kennis word geneem van die posisie i.v.m. hierdie saak.

19. VOLKSWAGEN HOOF VROUE- EN MEIDJIESWERK (Nr.25): Hierdie saak staan oor totdat volle besonderhede ontvang word.

20. VERSLAE OORGAWES (Ds. F. Botha aan ds. J.N. Uys te Tamanda Nr.28(i): Kennis word hiervan geneem.

21. BEDANKINGS:(Nr.29:) Kennis geneem.

22. VERLOFTYE (Nr.30): Kennis geneem. Wat die gedagte betref van verlof elke twee jaar word die saak verwys na die e.k. S.A.S.K. vergadering.

23. PLASINGS (Nr.31): Kennis geneem.

3/ .....

24. NASIEN FINANSIëLE BOEKE NATURELLE KOSHUISE (Nr.39): Hierdie reëling word goedgekeur.

25. PLAFONNE KANTORE OPV. DEPT. (Nr.44): Toestemming word verleen om die orige geld bedoel vir Dameshuis vir hierdie doel te gebruik.

26. STAALKONSTRUKSIE KATETE (Nr.49): Staan oor tot later.

27. PASTORIE FORT JAMESON: (Nr.50): Staan oor.

28. KERKSAAL BLANKE GEMEENTE FORT JAMESON: (Nr.51): Kennis geneem.

29. AFTREDE FILIPO BANDA, HOSPITAALJONG NSADZU (Nr.52): Brief van waardering sal gerig word totdat verder in verband hiermee verneem word.

30. HUIS, SPOORWEG EVANGELIS: Die Sekr. sal eers navraag doen na die koste en weer aan die vergadering rapporteer.

31. VERSLAG WERK GOEDEMOED: Die Voors. sal in hierdie saak ingaan.

32. VERWARMER, KANTOOR: Hierdie verwarmer moet terugbesorg word.

33. RADIO-DIENSTE: Sal oorstaan totdat meer informasie ingewin is.

34. S.A.S.K. VERGADERING, 11 en 12 AUGUSTUS: Kennis word hiervan geneem en die voorgestelde reëlings in verband daarmee goedgekeur. (Bylae C.)

Ds. de Kock sluit met gebed.